AFFIES
1920 – 1990
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
Lynnwoodweg 1, Pretoria 0002
Tel: (012) 344-3805/6

# STROOM~OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
VIERDE KWARTAAL 1990


LAAT DAAR LIG WEES

A.H.M.P. EK SIEN HAAR WEN

FFIES
1920 – 1990
AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL
Bondstraat Pretoria 0002
Tel: (012) 344-3811/2

## Ons laaste Kerkafsluiting

Susan Kruger



**Hier war ek vir oulaas voor my Biologieboeke sit en sukkel, dink ek terug aan vyf vrugbare hoërskooljare. Al is dit nog te vroeg om te verlang (ek is nog nie eers heeltemal klaar nie!), is ek jaloers op die standerd vyfies. Vir hulle begin daar 'n nuwe tydperk vol keppies en blourokkies en Kerkafsluitings ...**

As ek so terugdink oor die jare, is my eerste en laaste onthou, dié van 'n massa Affie-engele in die Halleluja-koor. Ek onthou as klein standerd sessie onder in die groot kerk, hoe mooi die blou-en-wit-Affies daar bo was. En toe hulle begin sing, was ek kwaad dat 'n "slak" net mag luister en nie saam daarin kon deel nie. Nét daar het ek besef dat ek nooit iets anders as 'n Affie sal of wil wees nie.

Hierdie jaar was dit my laaste Kerkafsluiting. Die laaste keer wat ek as meisie van die Afrikaanse Hoër Meisieskool kon saam sing en juig! Dominee Henno Cronje het ons herinner dat ons, die vroulike geslag, die pilare van die lewe moet wees. Pilare van geloof en hoop en vroulikheid. En toe ons begin sing, het ek in my hart gebid dat ek die dag nooit moet vergeet nie.

Affies sal vir ons matrieks altyd wees soos Jerusalem stad van brons en lig en goud, waarna ons verlang en hunker. En soos die laaste klanke van dié lied die kerk volgemaak het, het ons skool ons lewe volgemaak. Vir haar kan elkeen van ons 'n solo sing, en saam in die Halleluja-koor die Here dank vir vyf wonderlike jare in ons wonderlike skool ...

## Kadettoekenning — 'n Eerste vir Affies

**Die Trust Bank Skild vir doeltreffende bestuur van Kadette in kommandement Noord-Transvaal is in sy sewentigste bestaansjaar vir die eerste keer aan die AHS toegeken.**

Dit val mooi saam met Affies se sewentigste bestaansjaarvieringe.

Die Skild wat in 1906 in Engeland sy ontstaan gehad het en gedurende 1921-1928 in gebruik was, is gedurende 1984 weer ingestel om as aansporing te dien vir Kadetafdelingbevelvoerders vir die goeie bestuur en organisasie van kadette.

Die kriteria vir die skild is as volg:
— Administrasie;
— Logistiek;
— Opleiding;
— Personeelontwikkeling;
en Affies het volpunte gekry.


Personeel verantwoordelik vir die verowering van die skild is:

- Kapt C Krüger — Departementshoof belas met Kadette.
- Kapt A Oosthuizen — Kadetafdelingbevelvoerder asook drilpelotonafrigter.
- Lt P le Roux — Adjudant (Administrasie).
- Lt D Jordaan — Kwartiermeester (Logistiek).
- Mnr D Swan — Skietafrigter.
- Mnr H van Huysteen — Kadetorkesafrigter.

Dank gaan aan die top Affies wie se prestasies bygedra het tot die verowering van die prestige skild.



## Krieket maak geskiedenis



**Vir die eerste keer in die geskiedenis van AHS wen die eerste krieketspan die Direkteurstrofee. Onder leiding van mnr J Visagie, M Pretorius en M Badenhorst, is daar al reeds vroeg in die seisoen begin werk om hierdie besondere prestasie te bereik.**

Die span was die Noord-Transvaal-streekwenners deur vir Verwoerdburg, Waterkloof, Silverton, Eldoraigne en Die Wilgers te wen. In die finaal het Affies vir Overkruin geklop. In hierdie finaal kolf Affies eerste en behaal 246 lopies vir die verlies van 7.

(Berig op bl 12)

## Affies vier fees met Tennis

Jacus Engelbrecht

**Sowaar 'n feesjaar. Ja, Affies het vanjaar sowaar 'n tennisoorwinningsfees beleef.**

Affies is nie elke jaar sewentig jaar oud nie. Die tennis het vanjaar ware sin aan die woord 'fees' gegee. Met volgehoue fantastiese spel,

(Berig op bl 10)



## AHMP koor wen gesogte Direkteurstrofee

*Mev Elmi Kruger (koorleidster) en Lizelle Poolman (koorkapteine) is duidelik trots op hierdie prestasie.*





## Mevrou Nel se vyf-en-twintigste verjaardag

**Mevrou Emmerentia Nel vier vanjaar haar vyf-en-twintigste verjaardag by Meisies Hoër.**



Die prefekte het tydens die saalopening op haar verjaardag elkeen vir mev Nel 'n blom gegee as simbole van haar baie goeie eienskappe, wat saam 'n groot bos blomme gevorm het.

Sonder mev Nel, sal Affies maar 'n saai ou skooltjie wees en sal gholfdae, prestasiebekroningsaande en ander geleenthede maar uit die program gelaat moet word, want wie sal dit reël? Met net die lig van 'n wenkbrou of 'n vurige blik, kan sy 'n saal vol Affies tot stilte dwing.

Ja nee! Maggie Thatcher kan maar opsystaan, Affies het hulle eie ystervrou!



# Matriekafskeid

**Rachel Kruger**

'n Matriekafskeid is meer as net 'n aand-lange funksie, dis eintlik 'n hele proses!

Vir Matrieks begin dit by die soek van 'n rok, 'n skielike kitsdieet, eksperimente met haarkappers, naelgroeiery ens. ens; standerd 9's weer, met reëlings en voorbereidings, wat later die senuwees en geduld gedaan het.

Die resultaat van al die 1990 Matriekafskeidmoeite, was in elk geval bevredigend: 'n aand in die 1920-er atmosfeer, baie oulike bediensters, "grand" (amper onherkenbare) vriendinne, mooi musiek, aantreklike metgeselle en 'n onvergeetlike matriekafskeid!

Baie dankie aan al die standerd 9's, hulle ma's, mev Van Schalkwyk en alle betrokke persone!

Dié eenmaal-in-'n-leeftyd-geleentheid was die moeite, wag en voorbereiding werd.

(Mag die momentum ons deur die eindeksamen dra!)



# Van prysuitdelings en eregaste

*"The heights by great men reached and kept,*
*were not attained by sudden flight,*
*but they, while their companions slept*
*were toiling upwards through the night!*

Op 16 Oktober is ere gebring aan die Affies wat in die eerste jaar van die nuwe dekade uitgeblink het op kulturele; akademiese- en sportgebied.

Tydens 1990 se Prestasiebekroningsgeleentheid, is opnuut besef oor watter talent Affies beskik toe die koor en 23 ander leerlinge kulturele erekleure ontvang het; 94 boekpryse vir akademiese prestasie oorhandig is; 2 goue medaljes van die Nasionale Expo in ontvangs geneem is en 12 leerlinge erekleure op sportgebied verwerf het. Op akademiese gebied het name soos Nicola Joubert (vir haar prestasie in die Geskiedenis Olimpiade), Helen van den Broeck; Johanneke van der Merwe en Franél le Grange (om net 'n paar te noem) uitgeblink.

Die ou tradisie is weer vervul toe die "Onbekende Affie-toekenning" (toegeken aan die matriek-leerling wat 'n suiwer lewenswandel gehandhaaf het deur haar skoolloopbaan) aan Yvette Havenga oorhandig is.

Geluk aan Eone Pretorius en haar span prefekte met hulle inhuldiging tydens die geleentheid. 'n Paar van die '91 prefekte het hulle vuurdoop gehad toe hulle, soos hulle aangesê is, mnr Van Schalkwyk ('n eregas) op die verhoog laat verskyn het. Dit was net jammer dat dit nie die "regte" mnr Van Schalkwyk was nie, maar een van die dogters se pa's! Die ongemaklike situasie is in 'n goeie gees deur mnr Van Schalkwyk hanteer!

# Oop Skole — Wat sê leerlinge sélf?

**Die belangrikste saak wat skole van die TOD die laaste ruk raak is, die vraag oor oopstelling van skole. Talle koerante en bestuursrade het reeds hul menings gelug, maar hoe voel die leerlinge wat die meeste geraak sal word, oor dié moontlikheid?**

Nadat ek die nodige toestemming verkry het, het ek 'n meningsopname gemaak onder die leerlinge van AHM — standerd 6 tot 9. Hierdie besluite raak nie meer die matrieks nie!

Die antwoorde was insiggewend. Ongeveer 65% was onvoorwaardelik t.g.v. oopstelling, 25% was definitief daarteen en 10% onseker (of onkundig). Sowat 200 leerlinge se menings is gevra.

Dié wat ten gunste daarvan was, het gemeen dat kinders wat na dié skool sou wou kom, dieselfde standaard van opvoeding as ons almal moet hê. Hulle was egter bewus van die feit dat sekere aanpassings gemaak sou moes word. So byvoorbeeld sou tradisies wat 70 jaar reeds bestaan, nie meer geld nie. Daar kan egter gehelp bou word aan nuwe tradisies wat 'n wonderlike ervaring sal wees.


Opmerklik was dat die jonger standerds meer ten gunste van oopstelling was, terwyl veral die standerd neges daarteen was. Hulle het gevoel dat die tradisies verlore sou gaan en standaarde sou daal. Geen rassistiese redes is gegee deur dié wat teen oopstelling was nie.

Daar was ook dié wat liewer geen kommentaar wou lewer nie en ander wat nie veel gepla was nie — of dalk nie mooi geweet het waaroor dit regtig gaan nie.

Ek was baie beïndruk met die kalm en beredeneerde antwoorde van dié daarteen en dié daarvoor. Dit wys dat 'n groot deel tred hou met die aktuele sake van die dag. Ons leerlinge is nie pionne sonder eie sienings nie.

Miskien is hierdie opname nie verteenwoordigend nie en ook nie heeltemal wetenskaplik nie, maar nogtans is dit baie insiggewend dat 'n onderwerp wat nog 'n jaar of 2 gelede taboe was, met soveel insig en so openlik bespreek kon word.

**Annie Malan**



# ST 8-VELDSKOOL

**Anina Boshoff & Marika Botha**

**Tyd:** 3 — 11 September
**Plek:** Somerreg Veldskool te Delmas
**Teenwoordig:** Affies & Arties — of liewer Boere; Bome; Diere & Voëls & juffroue Elna (Burger); Lida (Hayward); Jenny (Lombaard); Linda (Meyer); Leanne (Greef); Marie (Anderson).
**Eerste indrukke:** ⋆ Sommerslegs — g'n sommereg
⋆ Slaap in barakke? 'n Hele week lank?
⋆ Omie, I wanna go HOME!!

**Hoogtepunte:** Hindernisbaan
— Niks skool
— Oom Johan
— Warm storte (as jy gelukkig is)
— Lantern bekruip/nagmars (dit het uitgereën)
— Eezi sit longdrops
— 14 km stap & 5 km draf
— Roei
— Sing!!!

**Lekkerste kos:** — Melkkos
— French toast in die oggend
— Braaivleis

**Wat uitgekry:** • Baie vriendinne
• 'n Beter selfbeeld
• 'n Week sonder skool

**Afgeskud:** — Gewig (party van ons)
— Nukke en fiemies
— Wrok teen onnies!

**Boodskap aan nuwegroep:** "My name is Sanna, I'm the best!
I went on veldschool with the rest!
Delmas is the place to be!
Wait, watch, you see!"

**Laaste indrukke:** r ka'ons weer kom! SKOOL?!!⋆!...?1



# SO SÊ AHM

**1991 se standerd sesse moet definitief strenger ontgroen word!**

— So meen 83% van die Affies, wat op 1 November 1990 kans gekry het om hul griewe te lug, hul toekomsvisie te openbaar en algemene wenke omtrent hul skool in 'n meningsopname weer te gee. Slegs 5% van die 105 uiteenlopende verteenwoordigers, meen dat vanjaar se ontgroening geslaagd en voldoende was.

— Hoewel die Affies se uitsprake baie kontrasterend was, was daar een uitstaande kwessie waaroor hulle tog eensgesind was. 99% wil hê dat die onderwyserskonsert 'n jaarlikse instelling moet word. Die onderwyseresse het hulself oortref en daarin geslaag om humor en gees in 'n gespanne klomp eksamens-Affies te blaas. 'n St 8 het gesê: "Dit was 'n openbaring om die onderwysers in 'n ander Habitat te sien."

— Meer skakeling met die Seunskool word deur 94% van die Affies aangevra, met die klem op sosiale en sportskakeling. Gesamentlike deelname aan Interhoër bly die droom van menige Affie. In 'n poging om leerlinge se houding jeens vanjaar en volgende jaar te bepaal, is sewe vrae gevra. Uit die antwoorde word afgelei dat die meeste Affies voel dat AHM nog glad nie haar volle potensiaal bereik het nie. 25% van die respondente erken prontuit dat hulle en hulle maats se prestasie op akademiese, sport-, en kultuurgebied vanjaar swak was.

— Dis ironies dat soveel Affies steeds nie hul "geliefde" keppies wil aanvaar nie, al meen sowat 65% dat tradisies tog sinvol is. Daar is ook 'n ernstige pleidooi onder seniors vir rompe as wintersdrag. Miskien behoort die bestuur van die skool hierdie saak vir eens deeglik te ondersoek.

— 'n Groter verskeidenheid sportsoorte (wat sagtebal insluit) sal leerlinge meer positief stem en sal groter deelname uitlok.

— Bekommerde navrae oor die beloofde LO-saal en die gewese swembad, word nou saam met 'n nuwe probleem gegroepeer. Die huidige LO-drag en sportklere verdien, volgens baie, ernstige heroorwegings.

— 'n Uiters konstruktiewe voorstel is uit die junior geledere ontvang. Hulle meen dat daar daagliks twee pouses behoort te wees. Die eerste, wat slegs 15 min lank hoef te wees, is dat uitsluitlik vir vergaderings. Gedurende die tweede pouse kan juffrouens en leerlinge behoorlik ontspan.

— Baie verrassend is die feit dat talle juniors die matrieks meer vryheid en gesag gun. "Lockers" en meer uitstappies bied volgens hulle 'n oplossing vir die negatiewe houding wat by sommige 1990-matrieks te bespeur was.

— Hoewel daar in die vraelys klem op probleme en ander minder aangename aspekte gelê is, bied een van die laaste vrae se uitslag verligting. Volgens die opname is nie een Affie negatief oor volgende jaar nie. 'n Groot meerderheid (82%) meen 1991 gaan "puik" wees.

**Anina Boshoff**



## *Links-regs-links-regs!!*


**Meisieshoër se Drilpeloton het hierdie jaar weer deelgeneem aan die drilkompetisie te Menlopark.**

Met hul netjiese voorkoms (die skooluniforms was die hele week by die droogskoonmakers) en flinke optrede, het dié besonderse drilpeloton onder leiding van die bekwame Mej Van der Westhuizen en Marileen Opperman, dan ook 'n skitterende vertoning gelewer. Marileen Opperman is ook as die beste drilleidster aangewys.

Mej van der Westhuizen, afrigster en drilmoeder, het dus voorwaar rede om opreg trots te wees op haar dril-Affies.

**Friedie Jacobs**

# Prestige toekennings



*Paul Schutte, hoofseun 1990, ontvang die Breytenbachtrofee vir beste vordering in kolfwerk, erekleure vir krieket. Hy val die eer te beurt om die gesogte AHS-trofee vir leierskap te ontvang.*




*Gert Stols verwerf die trofeë vir die beste Junior skut asook die beste algehele skut.*



*George Heuer verwerf die trofee vir die beste kolwer in N-Tvl asook die o/16 Krieket Ligawentrofee.*

## VOLLE SKOOLEREKLEURE



Vier toppresteerders word vir hul volgehoue prestasie op akademiese, sport en kulturele gebied en goeie leierskap met volle skoolerekleure bekroon.

*Vlnr:* **Mias du Plessis** *(atleet, N-Tvl- en SA-kampioenskapspanlid; eerste rugbyspanspeler; eerste skietspanlid; koshuisprefek; prefek; akademiese toppresteerder),* **Louis Botha** *(goeie swemmer; uitstekende redenaar en debatteerder; bekroon met Junior Rapportryerstoekenning vir Besonderse Afrikaansgebruik en Taalhandhawing; trompetspeler; kadetorkeslid; N3-sertifikaat in Elektronika aan Tegniese Kollege verwerf; 'n skrander student),* **Chris Steyn** (swemmer, SA Lewensreddingspanlid; Dramaklublid; Rekenaarklublid; drilpelotonlid; koerantredakteur; redenaar; operette rolvertolker; voorsitter Jeugkomitee en Nuusredakteur Junior Stadsraad; Hoofleierswag- en Presidentsverkennerstoekenning; Alsydigheidstrofee; goue medalje vir volgehoue prestasie) en **Johan de Beer** (kranige tennisspeler wat reeds vanaf st 7 eerstespan speel; N-Tvl junior en seniorspeler; SA Skole Tennisspan nommer een gekeurde; krieketspeler; rugbyspeler; Sportman van die Jaar trofee; skoolprefek en tennisspankaptein).

## *Die Ideale Affie*



*Francois Kock, onderhoofseun, word bekroon met die Ideale Affie-trofee vir sy lojaliteit, entoesiasme, sportmangees, toegewydheid, leierskap en getrouheid.*



*Anton Gildenhuys verwerf akademiese erekleure, die Louis Peens wisseltrofee vir Duits, die Percy W.A. Attfield wisseltrofee vir rekenaarstudie, die J.C. Engelbrecht wisseltrofee vir Wiskunde en Natuur- en Skeikunde. Dié gesogte akademiese trofee vir die hoogste akademiese prestasie in die skool word vir die eerste keer toegeken en dié eer val Anton te beurt.*

## *Expo '90*

**In sy feesjaar beleef Affies 'n goeie oesjaar by Expo.**

By Affies met sy vele, ryke tradisies het 'n nuwe tradisie bykans ongemerk ontstaan. Spontane deelname aan Expo, die uitstalling vir jong wetenskaplikes. Hoe kan dit ook anders as Expo sy beslag gekry het in 1978, in Affies se skoolsaal.

Die leerlinge het almal vroeg voorberei en was op hul pos met die Noord-Transvaal uitdunne. Twaalf leerlinge het ingeskryf en almal was medaljewenners.

Net sestig leerlinge van die 810 deelnemers is gekeur vir die finaal. Vyf van Affies se leerlinge het dié besondere prestasie behaal.

Op die landswye finaal, het Affies weer sy staal gewys en het drie van die agt-en-twintig, goue medaljes verower.

Affies sê geluk aan Diederik de Roos (goud), Jacus Engelbrecht (goud), Quentin Harley (goud) en Paul van Helden (silwer) met hul puik prestasie!

Wees verseker, Expo, Affies is volgende jaar weer daar!

Vier vindingryke Affies het vanjaar die eindrondte van Expo '90 behaal.

Na 'n geswoeg om die beoordelaars te oortuig van hul take se afgerondheid, het drie van hulle met die louere weggestap. Yvette Venter (st 8) het 'n bronsmedalje vir haar taak oor **Grondkunde** behaal, en Denise Janse van Rensburg en Louise Taute (st 9), het albei goue medaljes gekry vir hulle taak oor **Bolwurms.**

Baie geluk aan ons jong wetenskaplikes!

**Jacus Engelbrecht**



*Johan Steyn, Louis Mulder, Jan-Hendrik Beetge en Pieter Smit.*

**JEUGKOOR**

Ons kan trots wees op nog vier Affies wat hierdie jaar weer die skool se lig helder laat skyn het op die kulturele gebied. Hulle het daarin geslaag om vir die N-Tvl Jeugkoor gekies te word. Voorwaar 'n prestasie!

**Ons is baie trots op hulle!**



*Jan-Hendrik Kruger en Marcel Snyman verwerf die trofee vir die hoogste prestasie in Rekeningkunde. Jan-Hendrik verwerf ook die trofee vir die hoogste prestasie in Afrikaans (st 8).*

## Kultuurpresteerder van die Jaar

## CHRIS STEYN

**Chris Steyn, dinamies en stil maar met hom moet jy jou nie misreken nie.**

Akademies sterk, 'n puik swemmer en swemkaptein en rugbyspeler; 'n Suid-Afrikaanse Lewensreddingspanlid; 'n Dramaklublid; 'n operette rolvertolker; 'n Rekenaarklublid; 'n Drilpelotonlid; 'n redenaar en goeie debatteerder in Engels en Afrikaans.


Na alles reeds genoem, is die einde steeds nie in sig nie. Chris was ook 'n goeie ambassadeur vir Affies waar hy as voorsitter van die Jeugkomitee en Nuusredakteur van die Junior Stadsraad sy kant gebring het.

As getroue Voortrekker was hy 'n hoofspanleier en slaag dan ook om as Hoofleierswag sy merk te maak. Alles wat Chris doen, doen hy egter uitsiekend en so het hy dan ook daarin geslaag om die hoogste toekenning te verwerf — die van Presidentsverkenner.

Chris onderskei hom ook as 'n puik leier en het van sy standerd ses tot nege jaar op die leerlingraad gedien. Sy goeie leierskap bewys hy ook as prefek, Stroom-op Redakteur en as voorsitter van die Debatsbesture.


Die veelsydige mens verdien om met die Alsydigheidstrofee bekroon te word. Sy akademiese insette werp ook goeie vrugte af as hy 'n brons, 'n silwer en 'n goue medalje vir sy puik prestasies ontvang. Die skool se hoogste toekenning: volle skoolerekleure bekroon al die suksesse.







**Links:** *Rudi Gunter verwerf die senior Landlooptrofee.* **Middel:** *Jacus Engelbrecht ontvang o.a. die Eeufeesskild as wenner van die Interne Senior Redenaarskompetisie, 'n derde akademiese erekleure toekenning, Pierre Edwards wisseltrofee vir Wiskunde en Barnie Uys wisseltrofee vir Duits en 'n tweede goue medalje vir volgehoue prestasie.* **Regs:** *Nico Barnard verwerf die trofeë vir Engels en Rekenaarstudie St 8.*



*Chris Steyn en Phillip Blom met sy redenaarstrofee en Springbok Padvinderstoekenning.*

# REDAKSIE 1991

**Redakteur:** Jacus Engelbrecht.
**Sub-redakteurs:** Johan van Huyssteen (Sport) en Abri Venter (Kultuur).
**Redaksielede:** Johan O'Kelly, Ulrich Kotzenberg, John-Louis Pretorius, Erich van der Linde, Johan Nel, Arno Louw, MJ Lourens, David Butler, Louis Nel en Janneman du Buisson.
**Fotograwe:** Gustav van Rensburg en Dawid Louw.

---

**Redaktrise:** Denise Janse van Rensburg.
**Sub-redaktrises:** Dorette Boshoff en Johanneke van der Merwe.
**Redaksielede (St 9):** Ulla Botha, Lilanie Brenkman, Liezl de Beer, Friedie Jacobs en Jolize van Schalkwyk.
**Redaksielede (St 8):** Anina Boshoff, Therese Bentum, Marika Botha, Mageretwe Jordaan, Annie Malan, Corli Schumann en Cristel Wolmarans.
**Fotograwe:** Adine Roode en Nadia van der Walt.

# Oud-Affie van die Kwartaal:

## Tannie Pikkewouter: Lulu von Wielligh

**" 'n Mens moet vir jouself doelwitte stel — jy kan enigiets vermag as jy daarin glo en jouself aanvaar het."**



*Lulu von Wielligh*

Dit is die lewensfilosofie van Lulu von Wielligh, Produksiebestuurder van Tukkies se Dramadepartement.

Lulu was in 1972 een van vele st 6-Affies wat met blink oë geglo het dat slegs 'n baksteenmuur die seuns- en meisieskool skei (of so het Brumülda van Rensburg, ook 'n oud-Affie, haar wysgemaak!).

Die droom om met die seun oor die baksteenmuur te kuier, het nooit gerealiseer nie en in 1976 matrikuleer sy.

Haar planne om drama te gaan studeer, is deur haar pa geveto, maar dit stop haar egter nie om haar B-Prim graad in Matieland te voltooi nie. In 1981 aanvaar Lulu haar eerste pos aan Paarl Girls High waar sy Drama as skoolvak inisieer. Dis ook dan hier waar sy Lilliput, haar eerste dramaskool, stig as gevolg van die geweldige belangstelling onder hoërskoolleerlinge.

In 1983 laat sy haar hart in Stellenbosch agter om die SAUK-terrein te betree as produksiesekretaresse van kinderprogramme waar sy onder andere aan Wielie Walie, Kraaines en Seeduiker werk.

Buiten al haar eie produksies beoordeel sy gereeld kompetisies en behartig ook Karin Hougaardt se klankproduksies.

Vra jy haar wat sy van Affies onthou, antwoord Lulu dadelik: "Affies het altyd so 'n lekker atmosfeer gehad en was so 'n 'clasy' skool met ons oulike hoedjies."

Soos enige Affie onthou sy wonderlike Kerkafsluitings en tonne blomme op verjaarsdae en wie sou kon glo dat Lulu ook onder Juffrou Nel en haar Duitse klas deurgeloop het?

Mede-Affies was onder andere Brumülda van Rensburg, Amanda Strydom en Joanie Combrink.

"O jislaaik ja, my sussie was in Menlopark!" Hieroor kon Lulu ook baie stories vertel. Soos dit ook nou maar mos gebeur, het Lulu met Affies se eerstespan-rugbykaptein uitgegaan en haar sussie met Menlopark s'n. Gelukkig is Lulu 'n baie positiewe mens en kan die feit dat Menlopark dié jaar die rugby gewen het, redelik goed verwerk.

Meisieshoër en al die onnies se lewenslessies was vir Lulu von Wielligh 'n sleutel tot haar glansryke toekoms.

In 1984 word sy Louise Smit (van Pumpkin Patch en Mina Moefaam) se produksie-assistente waar sy haar aan kinderprogramme wy.

Oktober 1984 word Lulu ernstig siek, en tydens die tydperk skryf sy 2 boeke, naamlik "Seisoene van pyn" en "Bid sonder ophou". Sy sluit ook 'n kontrak met Bop-TV en skep haar eie kinderprogram. Sy skryf 169 episodes, maar weens haar siekte, kon sy net die eerste 13 se regie behartig. Sy het ook 'n popreeks van 65 episodes vir Bop-TV geskryf.

Na die groot sukses wat haar televisiereekse behaal het, was sy in staat om haar eie huis en BMW (waarop sy baie trots is) te koop.


Baie Affies is bekend met die dramawerkswinkels wat sy van 1985 af by Truk aanbied. Volgens Lulu is haar doel hiermee nie soseer om toneelspel aan te leer nie, maar vir haar leerlinge om hulself te ontdek. Gedurende hierdie tyd kry sy die pos as prduksiebestuurder by Tuks waar sy "sommer alles doen". Lulu was ook verantwoordelik vir die onlangse produksie "Pikkewouters van Amperstamperland" en "Heksepoot en Seun" wat beide baie geslaagd was.



*Kato Odendaal*




*Cornelia de la Rey*



*Francis Burger*

# Oud-Affie van die Kwartaal



*Mnr JB Roode.*

**Mnr JB Roode is op 5 Oktober 1946 op Coligny gebore. Sy skoolopleiding begin hy in 1953 aan die Lichtenburgse Laerskool en vanaf 1955-1959 was hy in Pretoria-Oos Laerskool. In 1960 begin hy sy hoërskoolloopbaan aan die Afrikaanse Hoër Seunskool waar hy dan ook aan die einde van 1964 matrikuleer. Mnr Roode se tersiêre opleiding ondergaan hy aan die Universiteit van Pretoria waar hy in 1968 die B Comm-graad verwerf. Die gemotiveerde sakeman studeer ook aan die Harvard University (Boston) en voltooi daar die Agribusiness Course.**

**Johann Roode is getroud met die mooie en baie vroulike Lente Lidia Schürmann. Uit die huwelik is 'n dogter, Adene, en 'n seun, Bernard, gebore. Bernard matrikuleer aan die einde van 1989 aan Affies.**

**Die Afrikaanse Hoër Seunskool is baie trots op die oud-Affie wat al diep spore in die besigheidswêreld en op vele ander terreine getrap het. Op 'n jeugdige ouderdom word hy in 1969 die bestuurder van Silverton Graanmeule (Edms) Bpk.; vanaf 1974-1983 is hy die besturende direkteur van Maizecor Industries (Pty) Ltd en vanaf 1983 is hy die voorsitter en tans beklee hy die pos as Uitvoerende Voorsitter van die groot onderneming.**

**Hierdie leiersfiguur is ook sedert 1984 'n lid van die Mielieraad, 'n ministeriële aanstelling. Sy lidmaatskap aan professionele organisasies en rade strek baie wyd: lid van die Instituut van Direkteure; lewenslange lid van die Transvaalse Landbou-unie; lid van die Transvaalse Wildassosiasie asook van die American Chamber of Commerce (AMCHAM).**

**Mnr Roode is nie net 'n sakeman van formaat nie, maar het ook 'n interne belangstelling in natuur- en wildbewaring. As Uitvoerende Voorsitter van Genfood, die oorhoofse naam is General Food Industrieë, poog mnr Roode-hulle ook om deelgenoot en as borg betrokke te wees by gemeenskapsdiens.**

**'n Sprankelende voorbeeld is die gewilde Pretoriase sokkerspan "White diamonds", wat met trots die produknaam op die sportveld dra.**

**Op die sportkalender is die jaarlikse Super Sun halfmarathon 'n gewilde gebeurtenis. 'n Groot maatskaplike projek van die groep is die SOS-Kinderhuis in Mamelodi. Genfood gee 'n 100% borgskap aan een eenheid van hierdie kinderhuis en staan in vir die versorging van hierdie huis se kinders.**


**Die Hoedspruit-jagluiperdprojek word bestempel as een van die modernste navorsing- en teelstasies vir jagluiperds. Die projek behels die teel van jagluiperds in aanhouding vir voorsiening aan dieretuine in Amerika, Europa en die Ooste.**

**As deel van die Genfood se bydrae tot die bewaring van ons natuur, borg Genfood die projek en is dit oopgestel vir besoek deur die publiek. Hierdeur word die projek vir 'n drieledige doel benut, naamlik wetenskap, opvoeding en bewaring.**


**Hy is ook 'n getroue kerkganger en lewer sy insette op talle terreine van die gemeenskapslewe. Hierdie beskeie en baie nederige oud-Affie het oor die jare heen baie vir Affies gedoen. Sy betrokkenheid is ook tasbaar weergegee deur jaarlikse skenkings wat die skool in staat gestel het om die tennisbane te herstel en die gedenksirkel te kon laat realiseer!**

**Die Affies eer mnr Johann Roode vir sy fenominale opgang in die sakewêreld, sy intense betrokkenheid by natuurbewaring en sy gemeenskapsdiens. Veral eer sy alma mater hom en sy gesin vir hul nederigheid en beskeidenheid.**

# *Ons sê tot siens ...*




*Phillip Blom*




*Herman Stander* *Chris Steyn*




*Susan Kruger*



*Louis Botha*




*Gustav vd Westhuizen*




*Anton Muller*



*Rachel Kruger*




*Rickard Kemp*




*Henry Hoffman*



*Mindi Rischmüller*



*Michiel Botha*



*Renso Fourie*

# VELDSKOOL

**Johan Swanepoel**

**Maandagoggend, 3 September, moes die busse al om 09:00 vertrek het, maar trou aan die gewoonte, vertrek die agts eers om 10:00. Die gees in die busse was opgewek en vrolik, sommige ouens het geslaap, maar die meeste het gesit en gesels.**

By die veldskool aangekom, is almal uit die busse gejaag. Vinnig het oom Tjaard ons net goed laat verstaan: "hier tokkel ek die kitaar". 'n Kind word gesien en nie gehoor nie!" Die aand slaap almal in Kamp A, in een saal, min plek. Dit was KOUD.


Die volgende oggend en elke oggend om 06:30 opgestaan en is met Bewuswording begin. Die hele veldskool was baie ingestel op Christenskap. Dinsdagoggend is die Lateriabaan gedoen, wat 'n fees was. Terselfdertyd het van die ouens ook wapens gebou van takke en grond. Elke wapen moes in tema met 'n leuse gehad het. AHS is toe terug Veldskool toe en is in kamers ingedeel.

Woensdag was die "groot loop", daar is sowat 7 km gestap. net voor die einde van die roete, is die Affies by die veelbesproke Tjankbult af, "wat 'n pyn". Daar is klippe in die waterkanaal gegooi, waarlangs geloop is, en Stanley Jakobs het toe besluit hy klim sommer met klere en al in die kanaal.

Donderdag was dit terug kamp A toe. Die Hindernis-en Avontuurbaan was hope pret. Die elmboë en knieë het in die slag gebly. Vrydag het almal terug Veldskool toe gehardloop! Later die dag is spele-ontwerp gedoen, net met een asblik, 'n paar kouse, twee stokke en een paar veters. Dit was eintlik 'n groot gemors. Een van die heerlikste goed op die Veldskool, was die latern-bekruip. Sommige groepe is vinnig uitgevang, ander het heel goed gedoen. Die naaste was drie tree van die lantern af.

Saterdag was glad nie lekker nie — daar is die heel dag langs die dam deurgebring en jy kan nie eens rugby gekyk het nie.

Die laaste twee dae van die Veldskool was heel rustig. Ons het Veldsklool Amsterdam met 'n blye hart gegroet.



# Standerdraad

**Met die oog op die ontginning van Affies se ervare leierspotensiaal, is daar besluit om die leierskorps vanaf 1991 te vergroot. Vanaf aanstaande jaar sal 'n Standerdraad funksioneer wat naas die prefekte elf verkose leiers vanuit elke standerd sal insluit.**

Elkeen van hierdie leiers sal vir 'n spesifieke portefeulje verantwoordelik wees. Die portefeuljes behels o.a. akademie, kultuur, sport, geboue sekuriteit. Die hoop bestaan om die leerlingleiers d.m.v. hierdie portefeuljes doelmatig by skoolaktiwiteite te betrek, sodat hulle 'n positiewe bydrae kan lewer. Anders as in die verlede, sal leierbenutting dus wie slegs tot die senior leerlinge beperk word nie, maar alle standerds en alle leerlingaktiwiteite verteenwoordig. 'n Groot aantal potensiële leiers sal dus die geleentheid kry om die skool binne hul eie belangstellingsveld te dien.

Die Standerdraad het ook 'n langtermynoogmerk. Dit gaan nie net oor die uitbouing van die leiers se potensiaal nie, maar ook die oordra van die nodige kennis, vaardighede en gesindhede, sodat die standerdraadslid later 'n leiersrol in die gemeenskap kan vervul. Daarom sal daar veral aandag geskenk word aan die stimulering van kritiese en kreatiewe denke en geleenthede vir die aanleer en uitoefening van leiersvaardighede. Daar sal ook aandag geskenk word aan ontledings van die eie leierskapstyl.

Die hoop is dat die Standerdraad 'n gunstige teelaarde gaan word vir diegene wat in die voetspore van oud-Affies soos Gerrit Viljoen en Magnus Malan moet volg.



# Operette!

— **Johan Nel**

**In 1989 het Affies vriend en vyand verras deur 'Dramuk' op die been te bring.**

Dit was 'n fees van kuns en sang en almal het geweet dat Affies dit in hom het om goed te sing en goeie kunswerke te lewer, maar eintlik het almal niks geweet nie.

Aan die einde van 1989 het mnre Deon du Plessis en Jaco Roux bymekaar gekom en besluit om die wêreld te skok. Affies sou 'n operette op die planke bring. En nie net enige operette nie! Nee! Dit sou die beroemde Broadwaytreffer van Leonard Bernstein, West Side Story, wees.

Na dié twee die hele Desembervakansie aan vertonings en musiek gewy het, het 'n gepaste naam na vore gekom — Gee jou hart in Hillbrow. Dit sou dus 'n tipiese Affie-tradisie operette (in suiwer Afrikaans) wees wat in 'n eie Hillbrow afspeel.

Die oudisies vir hoofrolle is in Februarie gehou en almal het gespook en hulle beste gelewer. Daar moes natuurlik gebruik gemaak word van 'n paar meisies uit die susterskool: Meisies Hoër.

Die twee hoofrolle is dan uiteindelik verower deur Ryan van Heerden (st 10) en Alet van der Merwe (st 8). Die ander drie hoofrolle is vertolk deur Johan Nel (st 8), Johan Vermeulen (st 10) en Robert Wilke (st 8). Daar is dadelik weggeval met die oefeninge.

Die storie, kortliks opgesom, gaan oor twee groepe (of 'gangs') in Hillbrow. Die een groep, die Reds, en hulle leier Ronnie (gespeel deur Johan Nel) beskou hulleself as die 'konings van Hillbrow' en heers in die strate. Die groep is deur Ronnie en Anton (Ryan van Heerden) gestig, maar Anton het skielik 'n werk en beskou homself nie meer as deel van die groep nie.

'n Ander groep, die Rockets en hulle leier, Bernard (gespeel deur Johan Vermeulen) is egter besig om sake vir die Reds moeilik te maak in Hillbrow, en die twee groepe het geen, maar geen ooghare vir mekaar nie. Ongelukkig raak Anton op Marike (gespeel deur Alet van der Merwe), Bernard se suster, verlief. Bernard gaan dit glad nie toelaat nie, en Ronnie gaan ook nie vir Anton toelaat om iets met 'n 'stinking Rocket' te doen te hê nie. Dis 'n storie van liefde en haat.

Die vraag was nog steeds of Affies so iets suksesvol kon uitvoer. Bedoelende, Affies is al baie dinge genoem: die gevreesde, die beste, die barbare, maar nog nooit is hulle juis as "tragiese romantici" bestempel nie.

Na ses maande van harde oefening, vurige rusies en trane van moedeloosheid, het die week van die opvoerings aangebreek. Die sale was bykans vol bespreek en almal het 'n goeie opvoering verwag. Ongelukkig was dit nie wat hulle gekry het nie. Hulle het 'n meesterstuk gekry wat beter as enige iemand se wildste drome was. Die groep het gehore op die punte van hulle stoele gehad, hulle het die gehore laat lag, huil en skrik, maar wat die opvallendste was, was hoe elke seun en dogter hom of haar uitgeleef het en dit geniet het.

Die operette van 1990 was een van die grootste projekte, indien nie die grootste, wat Affies nog ooit aangepak het. Van mnre Du Plessis en Roux kan Affies net dit sê: hulle is helde in eie reg. Die eienskappe van 'n held is uitsonderlike deursettingsvermoë en veggees, en daarvan het hulle oorgenoeg gehad.

# Mnr Roux en die Volstruispaleis


— **MJ Lourens**

**Bedags storm kinders verby die kunsklas op pad na die volgende periode. Almal weet dat mnr Roux die kunsonderwyser is, en dat hy soggens soos alle onderwysers met die groot swartbord en wit kryt te doen het. Dít is slegs die helfte van die storie.**

Wat 'n verrassing om mnr Roux se eerste uitstalling om 1990 by mev Zelda Grobbelaar se huis in Brooklyn, by te woon. By die Volstruispaleis het hy en die beeldhouer Sanna Swart, die grafiese kunstenaars, Jahni Wasserfahl en Gerda Stoltemeijer uitgestal. Mnr Roux se werke het 'n blywende indruk gemaak.

Mnr Roux is definitief die enigste landskapskilder wat my aandag vir lank in sy werk met onheilspellende ruimtes laat dwaal. Sy landskappe is nie gewoon nie — die droë aarde is warm en uitgebrand. Op die plaas in Louis Trichardt, waar sy ouers nog woon en boer, het mnr Roux, soos sy werk getuig, begin eksperimenteer met skakerings van groen, blou en bruin. Tog stagneer sy werk nie en dui voortdurend op wyer en nuwe horisonne.

Volgende jaar wil mnr Roux en Sanna Swart 'n uitstalling by "The hallery in the Market" reël. Ons wens hom alle sukses toe en mag sy talent waarmee hy die hele skool se kunsleerlinge inspireer, van krag tot krag gaan.



**HOOFSEUN EN HOOFDOGTER 1991**



*Dié Pretorius-Affies het al diep spore in die anale van die geskiedenis getrap en weer eens het ons leiers uit die gesin — ons nuwe hoofseun en hoofdogter.*

**Voor:** *Mnr Jan L Pretorius (hoofseun '59), mev Mariè Pretorius (AHM '59), dr Gert J Potgieter (hoof '47-63) te AHS, mev Fini Pretorius, mnr John Pretorius (AHS '64) en mnr Gert JP Pretorius (onderhoofseun '87).*

**Agter:** *Jan-Lodewyk Pretorius (hoofseun '89), John-Louis Pretorius (hoofseun '90), Eonè Pretorius (hoofmeisie '90) en David S Pretorius (prefek '86).*

# Affie-ondersteuners entoesiasme




Die behoefte aan 'n Affie-ondersteunersklub het met die skool se 70ste verjaardag 'n realiteit geword. Daadwerklike en lojale ondersteuning was dwarsdeur die geskiedenis van ons skool 'n besonderse kenmerk van ons leerlinge, ouers, leerkragte en oud-Affies. Daar is slegs 'n geleentheid gesoek om hierdie tradisie in 'n amptelike hoedanigheid om te skakel.

Die spontane entoesiasme wat met die aanvang van hierdie jaar op talle terreine ondervind is, was vrugbare teelaarde vir hierdie aksie.


Na 'n paar informele gesprekke tussen alle belanghebbendes is daar besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n amptelike komitee met fondsinsameling as hoofdoel wat verteenwoordiging sal geniet op die TAO.

Die werksaamhede van die komitee was genoegsame bewys dat die Affie-ondersteunersklub 'n besliste rol het om te speel en gekom het om te bly.

Daar word met groot afwagting uitgesien na die uitdaging wat die nuwe jaar sal bring.


— **Paul Schutte, Voorsitter**






*Koshuiskos*

*Roberta — huile groet!*






*Onbekende Affie*




*Suigstokkie? ... sigaret??*





*Juf. Vink? Of die HEKS van die Diepe Waters Dramaklub?*




*YAHOO van der Linde!*

*Tot siens matrieks!*













*SALUSA 85-glimlag?*









*Trimgim dansers van Huis Avond Gluur*

*Nie in die klas nie kinners!*







*Waarheen kruip jy?*




*Vir oulaas ...*

**"DOK SE KROK"**








*Vreemde voorwerp*







*Dollie en Meisie Papenfus*

# Affie "Olimpics"

Johanneke van der Merwe

**Seoul is nie die enigste plek waar kampioene saamtrek om hulle staal te wys nie, ook hier op die Affie-kampus het kampioene tydens die Olimpiade-seisoen byeengekom om kragte te meet met bladsye en bladsye strikvrae wat die hoogste toets stel aan liggaam en gees. Vanaf die heel begin was Affies nog altyd stryders, vrouens van durf en daadkragitheid wat nooit 'n uitdaging laat verbygaan nie.**

Hierdie feit het weer eens geblyk uit die strome vrywillige kandidate wat opgedaag het om dié eksamens af te lê. Elkeen van hierdie entoesiastiese kampioene het dan ook as 'n wenner uit die stryd getree, al was dit net deur die verryking wat hulle as mense ondergaan het en die vrae wat bly maal en nuwe belangstellings prikkel.

Ons wil dan ook net die volgende leerlinge van harte geluk wens met hulle prestasies in die verskeie olimpiades:

**Mini-Wiskunde Olimpiade:** (Díe leerlinge het deurgedring na die finale) Ria Potgieter en Inanda Burger (standerd 6); Dorothy Alant en Theresa Goss (standerd 7), Therese Bentum en Ronelle Britz (standerd 8).

**Afrikaanse Olimpiade:** (Die leerlinge het plekke onder die eerste 150 behaal) Phillippa Barnard, Jean-Marie Jooste, Rachel Kruger, Frances Burger en Enid du Raan (standerd 10), sowel as Johanneke van der Merwe (standerd 9).

**Huishoudkunde Olimpiade:** Lize de Kock was Affies se beste presteerder en Varenka van der Westhuizen, Michelle Roos, Meliza Coleman, Jaqueline Haarhoff, Marga van Rooyen en Hester vd Merwe (st 10) sowel as Marietjie Yssel, Marelize van Jaarsveld en Heidi-Lize Scholtz (st 9) het sertifikate ontvang.


**Geskiedenis Olimpiade:** 'n Spesiale woord van gelukwensing aan Nicola Joubert, wat 'n silwer medalje in hierdie olimpiade ontvang het. Dit is voorwaar 'n besondere prestasie en haar medalje is dan ook tydens die Prestasiebekroningsaand deur 'n verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Prof Réna Pretorius, aan haar oorhandig. Baie geluk Nicola! Ons is trots op jou.

Olimpiades is verrykend, leersaam en pret en as 'n mens gelukkig is, kan jy nog miskien jou foto in 'n koerant of twee geplaas kry. (Ja, Nicola, ons het jou gesien!) Kom neem deel Affie, en wys wat in jou steek!

## Affie-taaluitblinkers

Christel Wolmarans

**Dit was 'n gestruikel en 'n geskuifel; bank vashou en op die tande kners; sweet wat op die voorkop uitpêrel en stadig teen die slape afloop ... Ja, dit was voorwaar 'n eksamen van 'n heel ander aard.**



*Riëtte Botha*

Op 3 Augustus het 'n aantal van ons meisies die Suid-Afrikaanse Taalbond se Tweetaligheidsekseman afgelê. (Dalk dink hulle ons kry nie genoeg van die twee landstale tydens skoolure nie!) Die vraestelle was op 'n hoë standaard in die twee landstale en ten spyte van sterk kompetisie vanoor die hele land, is ons trots om te sê dat die Affies hulself puik van hul taak gekwyt het.

Afgesien van talle goeie simbole wat deur verskeie leerlinge verwerf is, het twee Affies hulle onderskei. So het Riëtte Botha (st 7) in die Junioraafdeling landwyd sewende geëindig! Talitha Bertelsman, 'n standerd agt leerling, het ook met lof geslaag.

## DAMESOGGEND

Jolize van Schalkwyk

**Hierdie spoggeleentheid is op die oggend van 4 Augustus 1990 deur st 9 D in Meisies Hoër se skoolsaal aangebied ten bate van die Matriekafskeidsfonds. Vir maande is daar hard gewerk en beplan deur die dogters onder die bekwame leiding van mev Troskie, 9D se voogonderwyseres.**

Onder die eregaste wat hierdie geleentheid bygewoon het, was daar mnr Willie Louw van die Leersaam Headquarters, Gerda Lues van She-Boutique en vanjaar se mej Kampus. Alida Marais het die gehoor so betower met haar pragtige sang.

Tydens die geleentheid was moeder-en-dogter spanne van 9D die gasvrouens vir die groot aantal gaste. Daar is ook 'n prys uitgeloof vir die beste tafel en die beoordelaars se keuse was tafel nommer 12, die tafel van mev Christa de Bruyn en haar dogter, Jeanette.

Die tien finaliste in die "Model van die Jaar" kompetisie, almal pragtige Affie-meisies, het She-Boutique se klere vertoon. Die wenner het die volgende ontvang:

— 'n Modelkontrak ter waarde van R500 van Model Work Shop.
— 'n R150 geskenkbewys van Headquarters.
— Skoonheidsmiddels van Avray Shlan.
— Preview skoene en nog vele pryse. Die gelukkige meisie was Heloïse Willemse in st 8 gewees. Die Eerste Prinses was Meliza Colemon en die Tweede Prinses Vorenla van der Westhuizen, albei Matrieks.

Hiermee wil 9D net almal bedank wat bygedra het tot die sukses van hierdie geleentheid. 'n Spesiale woord van dank aan mev Troskie vir al haar hulp en ondersteuning, en aan mev van Schalkwyk wat as seremoniemeester opgetree het.

## "En op die plaas was ons spreeksters baas..."

Denise J van Rensburg

**Salomo het eens tereg opgemerk dat 'n wyse woord grimmigheid afkeer. Grimmigheid het voorwaar nie 'n kans tussen óns redenaarspanne gehad nie. Die Affiemeisies het voorwaar ongekende hoogtes bereik.**

In hulle Moederstaal het die st 6- en 7-spanne onderskeidelik die Old Mutual- en Dicki Jacobs-trofee verower.

Ook op die gebied van die "Rooitaal", het die redenaars nie teruggestaan nie. Die "hoender-span" loop, saam met die standerd sewes en agts, weg met blink trofeë — elkeen 'n wenner in die Pretoria-streek. Geluk aan die standerd 6B en 8B-spanne met A-, en die st 10-span met A-simbole in die Engelse afdeling.

Die Yvonne Dunbar- en Louise Lachenicht-trofee is in die tweetalige afdelings deur die st sewe en nege-spanne huis toe gebring.

Geluk Affies, julle het weer eens bewys dat 'n vrou nie net baie nie, maar ook baie sinvol kan praat!

## Noodhulp '90

Johanneke van der Merwe

**Gedurende hierdie jaar het die Noodhulp behoorlik vlam gevat in Affieland, onder die bekwame leiding van Marlies Bekker. Die noodhulp-Affies het in hierdie jaar gewys wat in hulle steek en het ywerig geleer, geoefen en kennis toegepas. Ons is baie trots op dié groep aspirant-geneeskundiges, juis omdat noodhulp so 'n belangrike deel van die skoollewe uitmaak en nie net op die sportveld nodig is nie.**

Deur die loop van die jaar het die volgende Affies hulle Noodhulpeksamen suksesvol afgelê:

St 6: Cecilia Jordaan — eerste sertifikaat; Monica Coetzee — eerste sertifikaat; Miemie Derksen — eerste sertifikaat.
St 7: Ibeth Leeuwner — tweede sertifikaat.
St 8: Aletta Mentz — eerste sertifikaat; Dorinda Maree — eerste sertifikaat.
St 9: Antoinette Angelo — tweede sertifikaat; Ulla Botha — eerste sertifikaat; Roné Erasmus — eerste sertifikaat; Isabel Goosen — eerste sertifikaat; Marita Oosthuizen — eerste sertifikaat; Emetia Richards — eerste sertifikaat; Alma Venter — eerste sertifikaat; Monica Vermaak — tweede sertifikaat; Johanneke van der Merwe — eerste sertifikaat.

Ons wil dan ook spesiale gelukwense oordra aan Marlies Bekker (st 9) wat haar Diploma verwerf het.

Monica Vermaak en Marlies Bekker het ook in Februarie 'n sportseminaar en in Mei 'n Noodhulpkamp bygewon waar hulle baie praktiese ondervinding opgedoen het.

Die Affies was ook goed verteenwoordig by die Noodhulpkompetisie wat op Saterdag 11 Augustus by die Hoërskool Menlopark gehou is. Dit was 'n kompetisie vir die Noord-Transvaalstreek en daar was 'n span- sowel as 'n individuele afdeling. Die Affie-span was Marlies Bekker, Monica Vermaak, Antoinette Angelo en Johanneke van der Merwe. Marlies en Antoinette het ook aan die individuele afdeling deelgeneem. Dit was die eerste keer dat Affies aan so 'n kompetisie deelgeneem het en hulle het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt.

Ons sê baie dankie en sterkte aan hierdie noodhelpers en wens hulle alles van die beste toe vir 1991.

# *Laat die rande rol*

— Liezl de Beer

**Wie het gesê ons meisies moet terugstaan vir ons broers oorkant die straat? As ons ventilasiesisteme en swembadverhitters bou, is dit net so goed soos hulle s'n, indien nie beter nie!**

Hierdie stelling het Serita Barnard (st 9) onlangs weer eens bewys toe sy die eerste prys in 'n wedstryd vir Chemiese Ingenieurswese gewen het. Die kompetisie is aangebied deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Chemiese Ingenieurs en die Departement Chemiese Ingenieurswese van die Universiteit van die Witwatersrand.

Serita het weggestap met die louere nadat sy 'n baie ekonomiese en ook osoongunstige lugversorgingstelsel vir motors ontwerp het. Hierdie ventialsiesisteem maak grootliks van water gebruik, omdat dit goedkoop en ook maklik verkrygbaar is. Volgens Serita se ontwerp word die water deur mikrospuite in die verkoeler gespuit, terwyl lug in die teenoorgestelde rigting beweeg. Die water word sodoende verkoel en kan die hitte-energie van die motorenjin absorbeer.

Serita sê dat sy deelgeneem het omdat die wedstryd vir haar interessant gelyk het. Sy het as prys 'n tjek van R2 000 ontvang wat reeds veilig belê is — vir latere gebruik! Ten spyte van haar ooglopende aanleg in Chemie, beplan Serita om na skool BSc-Medies te gaan studeer. Ons wens haar nogmaals geluk met haar prestasie en sê dankie dat sy Affies se naam hoog hou!

**Naskrif:** Serita sê sy is 'n volslae sjokolis. Bevorder sjokolade dalk chemiese denke?

# Ons musiek presteerders!

**Twee van ons st 8-musiekleerlinge het vanjaar hul koor- én kultuurele-erekleure met lof verdien!**

Therese Bentum en Idalette du Plessis neem albei musiek op die Hoër Graad as 'n sewende vak met klavier as hoofinstrument. Therese het vanjaar by Unisa die graad 6-eksamen en Idalette die graad 7-eksamen met LOF geslaag.

By die plaaslike kunswedstryde is hul geen onbekendes nie! Albei het vanjaar verskeie goue sertifikate, diplomas en medaljes verower. By die Verwoerdburgse Kunswedstryd het Idalette die trofee vir die beste instrumentalis in alle ouderdomme verower asook 'n beurs van R200!

Therese neem klavier by Pro Arte en het by hul jaarlikse prestasiebekroningsaand die trofee vir die heel beste klavierstudent van die musieksentrum ontvang. Idalette het in April verneem dat sy 'n trofee verower het vir die beste musiekstudent in 1989 by die Pretoria Tegniese Kollege, waar sy tans onderrig ontvang — albei uitstaande prestasies!


Therese is ook geen onbekende gesig op 'n verhoog nie — sy het 'n rol gesing in die opvoering van "Gee jou hart vir Hillbrow" by AHS vanjaar. Sy neem ook reeds ses maande klarinet as 'n tweede instrument en sal, soos Idalette, die orrelbegeleiding volgende jaar in die saal speel.



*Idalette du Plessis*

Idalette het ook op nasionale vlak uitgeblink. Sy het vanjaar aan die landswye Prelude '90 kompetisie van die ATKV deelgeneem en is as finalis aangewys. Sy ontvang daarby 'n goue meriete toekenning en opnames van haar werke is by die SAUK gemaak en reeds uitgesaai!

Dit hou steeds nie op nie. Therese is gekeur vir die Noord-Transvaalse Jeugkoor en albei Therese en Idalette — reeds twee jaar lank getroue skoolkoorlede — is aangewys as die amptelike begeleiers van die koor! Dit is een van die min skole waar leerlinge hier-



*Therese Bentum*

die veeleisende verantwoordelikheid dra!

En die toekoms?

Albei dogters werk reeds aan hul program vir hul graad 8-eksamen, maar sug as hulle dink aan die graad 6- en 7-teorie-eksamens wat volgende jaar voorlê. Idalette wil aan 'n concertokompetisie deelneem en Therese wil graad 6 op die klarinet aflê. Na matriek hoop hulle om albei in 'n mediese rigting te studeer — nóg musikale medici!

Ons hartlike wense van geluk aan Idalette en Therese — ons is só trots op die twee talentvolle dogters wat bewys dat sulke bevredigende en uitstaande prestasies slegs met harde werk realiseer!

'Tis God gives skill,
But not without men's hands: He could not make Antonio Stradivari's violins without Antonio. — George Eliot

— **Musiekdepartement**

## Mik hoog — Presidentsverkenners!

Susan Kruger

**In elke situasie, in elke leeftyd, streef mens daarna om die hoogste sport te bereik. Ds Mike Smuts het eendag by ons Meisieskool gesê dat geen vrou net doodgewoon eendag ma wil wees nie, sy wil die béste Ma wees wat daar nog ooit was of sal wees. Of as jy 'n man is wil jy die beste Pa of beste sportman ter wêreld wees!**

In die Voortrekkerbeweging streef ons ook daarna om die beste Voortrekkers ter wêreld te wees. (In die organisasie ís dit moontlik, daar is net één in die hele wêreld!)

Die hoogste toekenning wat dan aan enige Verkenner toegeken kan word is dié van Presidentsverkenner.

'n Paar Voortrekkers het die treë tot daarbo geklim en as trotse Afrikaners bo uitgekom.

Van die Seunskool is dit Martin Plews en Chris Steyn, die meisies is Lise de Kock, Rachel Kruger, Francis Burger, Thea vd Merwe, en Susan Kruger.

Daar is ook hoofleierswagte uit ons twee skole wat met trots kan getuig van belangrike vormingsjare in dié opbouende Afrikanerkultuurorganisasie. Mik hoog — dis die moeite werd!

*In Memoriam*
**Margaret van Zyl**
**Gebore 1972/03/11**
**Oorlede 1990/09/30**
*"Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here"* — **Rom 14:8**

# Die troue wat móés!

**Die onderwyseresse het op 25 Oktober al hul energie, entoesiasme en styl (al was die mini's baie kort) bymekaar gegooi en konsert gehou. Hierdie ietwat onverwagse "troue", het die leerlinge 'n kans gegee om hul onderskeie onderwysers in 'n ietwat ongewone omgewing waar te neem. "Kyk Juffrou Burger se kitch sonbrille". "Kyk Juffrou Winter se ...!"**



Almal was daar! Hooggeplaastes (St 10), Eregaste (st 9, 8), gewone gaste (st 7) en kinders (st 6). Die nog hoër geplaastes het almal ewe nederig op die verhoog gesit. Dié het gesorg vir 'n besondere belewenis ... 'n Kultuurkonsert!!

Met gepaste stilte het die "newly-weds" en hulle gevolg die saal binnegekom en die treffende bruid, die dapper bruidegom en die skoonfamilie is aan die skool bekend gestel: Mev Professor doktor Verschoten; Floris Vershoten (BA) — bruidegom; Poppie(s) gebore Papenfus — bruid; Broer Saggeus Papenfus — vader van Poppie; Suster Panina Papenfus — moeder van Poppie —Dolly en Meisie Papenfus — susters van die bruid.

Die sogenaamde kultuurkonsert het begin met die Trim Gim dansers van Huis Avond Gluur onder leiding van Matrone Lewiesa Flenter en Tant Silly van Straaten. Na 'n skoon sluk Salusa 85 was die verrigtinge behoorlik aan die rol en op hol. (Wys net wat die vrolikes en jonges van gees kan doen!)

Die kundige Juffrou Liegsinde het onder haar ferm toffie-arm die kleines van Kabouter Klappertand Kleuterskool in toom gehou. Hulle was boonop Internasionaal ook! Versies en rympies in altwee landstale gesê.

Na die roerende boodskappe van Mevrou Verschoten en Broer Saggeus (who wants to be a cowboy), wou Suster Panina darem ook 'n gedagte wissel: "Ons issie so cômmon soos wat ons lyk nie. Ons is ladies!" Só het sy die atmosfeer geskep vir die Drama Dames van die Diepe Waters Drama Klub. Maar Hansie en sy slim sussie Grietjie (wat ook aan die Weighless-klub behoort), kon maar net nie deur die "Vunky-Heks" uitoorlê word nie.

Die Brielsusters het sterk kompetisie gehad met die vier sensitiewe Koek Susters en hul treffende nommertjie: "Stuur my liefling net jou kussing!" Hulle het baie voortreflik voorgekom ...

Floris (BA) het wel die bruid van sy hart geferella die huweliksbootjie verpas.











Doreen Vanessa Papenfus het met haar pikante en stylvolle couture snyerspakkie die egpaar toegesing. En toe ... Madame Monique Mentz van Mentz Modes en haar môdels! Die môdels het in nommertjies daterend uit die sixties verskyn. Met hul modes van Parys, het hulle die Kultuurkonsert(troue) op 'n hoogtepunt afgesluit.

Kitch is in! Onnies ôk.

**Marika Botha**



## *Stroom-op groet ook:*

**(Vervolg van bl 4)**

*Anna-Lynne Marais*

*Phillippa Barnard en Nicola Joubert*

**(Geen foto's)**


## Kwikslae van die Latiniste:


**Situasie:** Besoek aan 'n koerantman/drukker se kantoor — 'n pornografiese almanak hang teen die muur.
**Opmerking:** "Hy is seker baie toegewyd!"
**Situasie:** Die alewige probleem van 'n maer persoon wat dink sy is vet.
**Opmerking:** "Ek kan nie meer sien as ek glimlag nie, want my wange skuif oor my oë!"
**Situasie:** Die besonbrilde st 8's sit net langs die warm skinkborde by die Romeinse ete.
**Opmerking aan die st 8's:** "Julle is so "cool" dat ons nie eers die kos kan warm kry nie!"
**Matriek wat 'n ou vir die matriekafskeid gevra het:** "Hy was so verbaas toe ek hom bel!"
**Net voor die eksamen:** "Ek sou selfmoord gepleeg het as ek tyd gehad het!"

## *Gehoor by die Koor-afskeid*

**R:** "Gaan jy nou volgende jaar na Hopetown se koshuis toe?"
**M:** "Nee, ek gaan by die huis bly. By die huis kan 'n mens darem op die bed lê en doodgaan."
**R:** "Ja, as 'n mens by die koshuis op die bed wil lê en doodgaan, dan lui die klok!"

## MATRIEKAFSKEID '90





## *Kermis*

**Arno Louw**

**31 Augustus 1990 was die dag van die Groot AHS kermis. Elke volbloed Affie was opgewonde (dit het natuurlik niks te doen met die feit dat daardie Vrydag 'n af-dag was nie; alhoewel dit gehelp het). Dit is eerder omdat dit die uiteinde was van maande se voorbereiding.**

Verskeie projekte is reeds maande voor die tyd geloods. Die st 6-ouers het 'n stylvolle modeparade gereël. Wegneemetes was die neges se projek en die verkoop van sleutelhouers en die hou van 'n gholfdag (eers heelwat later) onderskeilik ook die agts en neges se projekte was. Die matrieks het ou boeke vooraf verkoop asook 'n kompetisie vir "stadig fietsry".

Letterlik alles wat jy aan kon dink, was op hierdie kermis te koop. Die stalletjies het gewissel van die tradisionele Bosveldwinkel tot uitstallings. Vir die honegeres was daar kerrie en rys, "slap chips" en worsbroodjies, terwyl daar koek, poeding en pannekoek was vir die soettand.

Die Formule 1 Kruiwa "Grand Prix" was al die sweet werd, aangesien dit alleen die skoolfonds 'n "hupstootjie" van R16 000 gegee het. 'n Totaal van R81 600 is ingesamel.

Die entoesiastiese en onbaatsugtige wyse waarop Affie-ouers en leerlinge gedurende die jaar en veral tydens die kermis saamgewerk het, word opreg waardeer.

Die Bestuursraad en die Terreinkomitee van die TAO sal projekte aanwys waar die opbrengs van die fondsinsameling goed bestee kan word. Al die seuns sal hopelik kan deel in die opgradering van die skool se fasiliteite.

# Rentmeester-Atletiek

Ulrich Kotzenberg

**Op 27 Oktober het die jaarlikse Rentmeester Interskole Kompetisie op Pilditch plaasgevind.**


Affies het een senior en drie junior spanne ingeskryf. Die senior span moes met 'n derde plek tevrede wees nadat Waterkloof en Swartkops net te goed vir hulle was. Die puntetotaal van die senior span was 11 780 wat 'n gemiddeld van 785 punte per atleet op die Sasolpunttabel is.

Die junior A-span het die bordjies verhang, deur 'n eerste plek met 'n totaal van 9 355 punte op die Sasoltabel — 'n gemiddeld van 936 punte per atleet.

Altesaam 21 Affies het elk meer as 800 punte op die Sasoltabel behaal, met uitmuntende prestasies deur Servaas Brits in die verspring, seuns o/14. Hy het 'n reuseafstand van 6,25 m behaal wat 1 015 punte werd was. Francois Strydom het in die 1 500 m seuns o/14 meer as 1 000 punte behaal met 'n tyd van 4,12 min wat 1 160 punte werd is. Albei hierdie prestasies is nuwe Noord-Transvaal rekords.

Met sulke uitslae lyk die toekoms vir Affies se atlete goed.

# REÜNIE



**Danksy die inisiatief van Joe Smuts en Johan Geringer het die eerste rugbyspan en Administrateursbekerwenners van 1970 op Saterdag, 22 November 1990 'n reünie gehou.**

Al die spelers, met die uitsondering van Pierre Terblanche wat vanjaar oorlede is, het die reünie bygewoon. Sommige spelers het van sover as Kaapstad, Port Elizabeth en Durban gekom. Ook die twee afrigters, mnre Piet Butler en Sakkie van der Heever, effens gryser en stywer, was teenwoordig. Oor die algemeen het die jare die manne goed behandel, hoewel 'n sekere agterspeler, geoordeel aan sy fisiese voorkoms, planne het om by die voorspelers aan te sluit!

Tussen die groot gekuiery deur was daar ook geleentheid vir 'n paar kort toesprake. Pierre Edwards het hulde gebring aan die oud-onderwysers wat hul lewens aan Affies gewy het. Hy het ook die versekering gegee dat die skool in wese dieselfde gebly het en dat die leerlinge nog net so stout soos altyd is. Daarna het die twee afrigters asook die kaptein, Butch van Wyk, die woord gevoer en menige groot oomblikke uit die 1970-seisoen in herinnering geroep. 'n Uitstaande kenmerk van die toesprake was die besondere spangees en kameraadskap van destyds. Daar is ook op 'n gepaste wyse aan wyle Pierre Terblanche hulde gebring.

'n Interessante feit is dat twee van die 1970-spanlede, Jacques Malan en Hercules van der Hauer, se vaders in 1940 spanlede was wat die Administrateurstrofee die eerste keer verower het.

Hoogtepunte tydens die reünie was volop. Na 'n groot gesukkel met die voorspelers, kon daar weer 'n spanfoto geneem word met die spelers in presies dieselfde posisies as op die oorspronklike foto. Ongelukkig het die projektor tydens die rolprentvertoning oor die 1970-seisoen die gees gegee. Daar is egter daar en dan besluit om die rolprente op Videoband vas te lê en 'n kopie aan die AHS-argief te skenk. Dit behoort 'n baie interessante kykie op een van Affies se gloriejare te bied!

# Landloop

**Affies se landloopatlete het dié jaar baie beter as in 1989 presteer. Veral die juniors het beïndruk met hul positiewe betrokkenheid en skitterende prestasies.**

Iets wat beslis bygedra het tot die sukses wat behaal is, is die feit dat die meeste van die atlete ook vroeër die jaar deelgeneem het aan verskeie padwedlope en tydtoetse. Hierdeur is 'n goeie gees opgebou en het die atlete besef dat volgehoue, harde werk die verskil maak tussen gemiddelde en goeie prestasie.

Toe die belangrike skolebyeenkomste in die derde kwartaal dus aanbreek, was die atlete slaggereed om vir die bekende landloopskole te wys dat daar ook nou met Affies rekening gehou moet word.

Na 'n vyfde plek by die Direkteurstrofeekompetisie wat reeds 6 Mei gehou is, het Affies skitterend verbeter en het die Senior span vierde geëindig en die juniorspan derde nadat die drie N-Tvl-Skole ligabyeenkoms se punte saam verwerk is.

Individue wat dié jaar uitsonderlike presteer het, was: Sakkie Venter wat in die O/13 afdeling, by twee geleenthede N Tvl verteenwoordig het by Interprovinsiale byeenkomste. Francois Strydom het óók skitterend presteer in die O/15 afdeling en het N Tvl verteenwoordig by 'n Interprovinsiale byeenkoms en by die SA Kampioenskappe in Port Elizabeth waar hy 'n algehele negende plek behaal het. Francois en Sakkie het ook erekleure vir landloop ontvang. Rudy Gunter en Francois Strydom is onderskeidelik aangewys as die beste senior en junior landloopatlete en Chris de la Rey as die atleet wat die meeste verbeter het in die afgelope seisoen.

Met die goeie gees en entoesiasme wat die jaar beïndruk het en die goeie prestasies wat veral die juniors behaal het, behoort Affies beslis in 1991, ook in landloop, sy merk te maak.

— Hennie Kotze

# Sagtebal

Johan Nel

**Vanjaar was Affies se beste jaar nog wat sagtebal betref. Drie spanne, O/14, O/16 en O/19 is in die Noord-Transvaalliga ingeskryf en al drie spanne het baie goed gevaar.**

Die jong O/14-span het tot in die uitspeelwedstryde gevorder waar hulle ongelukkig teen Die Wilgers verloor het. Die O/19 span het ook goed gevaar, maar kon ongelukkig nie die uitspeelwedstryde haal nie.

Die uitblinkers van die seisoen was egter die O/16 span. Nadat hulle vroeg in die seisoen deur Hartbeespoort kaf gedraf is, het hulle spel deurgaans verbeter en vorder hulle tot in die finaal. Daar het hulle weer teen Hartbeespoort te staan gekom, maar hierdie keer was dit heeltemal 'n ander storie. In 'n regte naelkou-einde, het Affies eindelik met 5-4 geseëvier. Alhoewel Affies alreeds twee keer vantevore in die finaal gespeel het, was dit die eerste keer wat hulle daarin kon slaag om te wen.

Groot lof kom mnr Blackie Swart, afrigter van die O/16 span toe. Mnr Swart het reeds verlede jaar goed met hulle gevaar en hy is dan ook reeds van 1987 afrigter van die SA Skole-sagtebalspan.

Twee spelers het in 1990 die SA-skolespan gehaal, nl Ettiënne Jurgens en Pieter Reichardt. In vanjaar se Noord-Transvaalproewe het Affies 5 seuns wat die span gehaal het. Ettiënne Jurgens (O/19 derde jaar), George Heuer (O/16 tweede jaar), Sharldon Heuer (O/16), Steven Louw (O/16 span derde jaar) en Clayton Robertze (O/16 B-span) asook Bossie Swanepoel (O/16).



# FIETSRY

**Drie spanne het die jaar ingeskryf vir die jaarlikse "N Tvl Inter Schools Cycling Challenge" by die Zwartkops renbaan.**

Die kompetisie het weer plaasgevind op 'n aflosbasis waar 'n hardloper, elke keer wanneer 'n fietsryer 'n rondte voltooi het, 'n band aan die vlgende fietsryer moes oorhandig.

Die A-span wat bestaan het uit Martin Plews (hardloper), Ryan van Heerde, Martin Scheventfeger, Anno Botha en Jacques Chidrawi het puik gejaag en was na die eerste uur tweede en besig om die wenspan in te haal toe Anno Botha ongelukkig val en té ernstig beseer is om voort te gaan.

Die A-span moes toe klaarkom met net drie fietsryers en het toe ongelukkig uitgesak tot die vierde plek. Nog steeds was dit 'n moedige poging en 'n goe prestasie as in ag geneem word dar daat veertig spanne deelgeneem het.

— **Hennie Kotz**

# Prefekte 1991

*Hoofseun: Johan-Louis Pretorius; onderhoofseuns: Philip Roesch en Schalk de Lange.*

*PREFEKTE*

*Frans Birkholtz*
*Stefen Böhmer*
*Bennie Botes*
*David Butler*
*Riaan Cloete*
*Janneman du Buisson*
*Jacus Engelbrecht*
*André Ferreira*
*Thabo Grobbelaar*
*Peter Jackson*
*Nico Kruger*
*Anton Louw*
*Benito Myburgh*
*Benjamin Myburgh*
*Thys Potgieter*
*Stefan Shires*
*Melvin Smith*
*Johan Steyn*
*Alec Strydom*
*Erich van der Linde*
*Johan van Huyssteen*
*Eben von Well*

# Tennis

(Vervolg vanaf bl 1)

het ons tennisspelers vanjaar weer bewys dat Affies bestempel kan word as een van die beste tennisskole in die land — om die waarheid te sê — die Beste!

Reeds vroeg in die jaar het die eerste span goed gelyk en 'n paar puik oorwinnings behaal. Hulle wen dan die A-liga om deel te neem aan die Direkteurstrofee. Hul segetog word voortgesit en hulle reken af met Potchefstroom Gimnasium, Phalaborwa Hoërskool en met Monument Hoërskool van Krugersdorp in die finaal. Hulle wen dus een van die drie direkteurstrofeë wat in die feesjaar gewen is.

Steeds was dit einde niet. Die span het voortgegaan en die landswye Ster-Kinekor-tenniskompetisie gewen, nadat hulle as wenners van Transvaal deurgedrıng het en die finaal teen ou aartsvyande, Grey-Kollege van Bloemfontein, gewen het. 'n Baie spannende wedstryd wat op die ou end 4-2 in Affies se guns beklink is.

Die spelers, "Johan de Beer, Anton Louw, Gareth Williams en Nico van der Walt bring hul kant in die segetogte. Affies is jammer om afskeid te moet neem van Johan en Nico.

# STIL EN STERK

**Gedurende die afgelope paar jaar het 'n paar Affie-onderwysers alreeds voortreflike prestasies op sportgebied gelewer. Dink maar aan die Comrades-Marathon. Die topprestasie van hierdie toppresteerders word egter al 'n paar jaar gelewer deur mnr Voges. Reeds die hele skool, met die uitsondering van 'n paar "mossiebrein" standerd sesse, is bewus van mnr Voges se herhaaldelike stoeiprestasies.**

**Hy het begin stoei reeds by sy eerste intrapslag in die skool en van daar af het sy prestasie net van krag tot krag gegaan. Hy het sy provinsiale kleure verwerf en reeds in sy matriekjaar word hy verkies as lid van die Springbokspan. Dit was egter die eerste trappie van 'n baie groot en suksesvolle stoeiloopbaan, want hierna verwerf hy nog 11 keer sy springbokkleure. Hier het dit egter nie gestop nie, want die afgelope twee jaar word hy ook gekies as kaptein van hierdie span: Voorwaar 'n prestasie!**

**In die jaar 1990 het mnr Voges egter ook die N-Tvl Rugby-Unie se trofee vir die beste Junior Rugbyafrigter verwerf. Sy rugbyloopbaan het op laerskool begin en met sy intrapslag in die hoërskool 'n bietjie halt geroep. Hy het dit egter weer met sy aankoms by Affies hervat en kranig begin om gemotiveerd rugby af te rig. Hy het drie rugbykursusse afgelê en uiteindelik het die feesjaar ook vir hom 'n feesjaar geword toe sy o/15 A-span met pragrugby die N-Tvl-streekskompetisie gewen het. Hy wil egter net sy dank betuig teenoor mnr André van der Walt wat as mede-afrigter, 'n groot bydrae tot die span se oorwinning gelewer het. Mnr van der Walt sê dit was voorwaar vir hom 'n voorreg en baie aangenaam om saam met mnr Voges af te rig.**

**Boodskap van mnr Voges: "Om goed te doen as span, hang nie net van die afrigter self af nie, maar van die hele skool se houding teenoor daardie span. As dit slaag, sal die span ook slaag". Mnr Voges voel dat hy nie die beker ontvang nie, maar Affies.**

# *Hoof se boodskap*

**Mnr TLP Kruger**

'n Groot jaar is verby — voorwaar 'n jaar met baie hoogtepunte. Na 'n wye spektrum was daar 'n groot persentasie seuns wat op sport-, kulturele en akademiese gebied puik prestasies gelewer het.

'n Woord van dank aan die seun wat sy deel bygedra het. Die personeel verdien 'n pluimpie vir harde arbeid en ons ouers vir volgehoue ondersteuning.

Geluk aan die Stroom-op redaksie vir 'n puik koerant wat deur die jaar 'n positiewe beeld aan ons gemeenskap uitgedra het en veral hul taak om die gebeure van die feesjaar vir die nageslag vas te lê.

# O/14 A-Netbal

**Met die eerste wedstryd op Saterdag 4 Mei, het ons, die o/14 A-netbalspan, nooit kon droom wat 'n wonderlike netbalseisoen in die volgende paar maande vir ons sou voorlê nie. Nie eers die een gebreekte hand, twee bobeenspierverrekkings, drie enkelligamentongevalle en meer as vier griepaanvalle het ons gekeer om die Noord-Transvaalse beker in te palm nie.**

Die ligawedstryde het almal baie goed verloop, behalwe vir die wedstryd teen Menlopark wat vir ons 'n groot terugslag was, toe ons met 'n 21-12 telling teen hulle verloor het. Ons het egter saam met hulle en Waterkloof deurgebring na die eindrondtes van Noord-Transvaal. Op Saterdag 1 September het ons 'n goeie oorwinning van 32-1 oor Hoërskool Oos-Moot behaal. Daarna het ons weer teen Waterkloof gespeel en met 'n naelskraap 16-15 oorwinning weggekom.

Donderdag 5 Julie, was egter die groot dag. Die finale rondte het teen (Ugh) Menlopark op hulle tuisbane plaasgevind. Dae voor die tyd het ons afrigster, juf Vink, se eiesoortige motiveringsproses begin — die "Afkraak-opbou proses". 'n "Vang daai bal, jou Brood!" is gevolg met 'n "ons gaan mieliemeel van hulle maak"-uitroep. Toe ons die middag na skool die baan betree het, het die adrenalien teen 200 km/uur in ons are geklop en was ons reg om Menlopark 'n ding of twee te wys.

Met die aanvang van die wedstryd, het ons kop aan kop geloop, maar uiteindelik het ons meer en meer balle begin onderskep en stadigaan 'n voorsprong opgebou. Ons was egter heeltemal verras toe ons die ongelooflike klomp toeskouers gesien het. 'n Horde Affies het teen die heinings gepak gestaan en het die Menloparkers geheel en al met getalle (en aanmoediging!) oorskadu. Menlopark het dadelik besef dat hulle nie net teen die sewe van ons speel nie, maar teen die hele Affieland. Na ons oorwinning van 16-10, was daar 'n massa Affies wat saam met ons die kreet geskree het.

Alhoewel ons later nie die Transvaaldag gewen het nie, was dit wonderlik gewees om die seisoen daar af te sluit. 'n Wonderlike spangees is deur hierdie drie maande opgebou en ons sê graag baie dankie aan juf Vink vir al haar moed, geduld en aanmoediging en ook aan al die ander wonderlike Affies wat ons reg deur die seisoen so getrou ondersteun het.

**Marelie du Plessis**



# Rentmeesters Atletiek

**Deur Lilanie Brenkman**

**As iemand in 1987 wou probeer om agtien "gewillige" Affie-atlete bymekaar te skraap, sou dié persoon 'n probleem gehad het. Die feit was: daar wás nie agtien goeie of gewillige atlete nie. Maar nou, na twee suksesvolle Interhoërs en 'n Direkteurstrofee-byeenkoms, het dit 'n groot siftingsproses gekos om agtien atlete te bekom.**

Ons het die 1991-seisoen op goeie voet, of is dit nou spykerskoene?! ... begin, deur aan die Rentmeesters byeenkoms deel te neem op 26 Oktober by die Pilditch Stadion. Die doel van hierdie byeenkoms was om die hoogste aantal punte op die SA-SOL-tabel aan te teken, en die span se beste tien prestasies word op die totale puntestand bereken. Aan die einde van die dag word 'n Senior wenspan en ook 'n Junior Wenspan aangewys, wat natuurlik die gesogte silwer beker wegdra.

" ... Affies, Affies dra die blou ..." en dit was feitlik al kleur wat ons op die baan gesien het! Natuurlik was daar teenstand, feitlik al die A-bond skole was teenwoordig, maar met 'n span soos Affies ... wel, die "teenstand" was effens op die agtergrond.

Ten spyte van hewige eksamendruk, het die Senior span ons glad nie in die steek gelaat nie.

Die Seniorspan se derde plek was net 'n kortkop agter Klofies en Swartjies ... wag maar net ...!

Ons Juniors ... wel, wat kan 'n mens ou sê? Hulle was waarlik onoortreflik! Twee spanne is ingeskryf, maar op die ou end was die kompetisie tussen Affies A en Affies B groter as dié tussen die skole!

Menige Moederhart het gebloei wanneer haar jong bloedjie trots as wenner uit 'n stryd tree.

En dan was daar die aflosse. Daar was mos net een inskrywing by o/14 en o/15. Of nee, jammer, maar die ander skole was so ver agter dat Affies net sowel alleen kon gehardloop het! Die finale uitslag? Hoe dan anders: Affies A was eerste, en Affies B, wel ... tweede —vóór al die ander, skole. Dit was dan die Rentmeesters Prestige Byeenkoms. 'n Goeie afsluiting vir 'n puik begin!

# 'N BBP-ONNIE!

**Die Rentmeester-outjies is nie die enigste persone met spoed nie. Nee ... onder ons "effens" ouer garde het ons 'n Juffrou wat hierdie naelopers na stoftrappertjies sal laat lyk.**

Mevrou Riana Raath, een van ons jonger onderwyseresse, is seker beter bekend vir haar spoed (is dit nou op die baan of in die klaskamer?!) en het ook reeds twee maal Springbokkleure vir hekkies verwerf.

Vanjaar het 'n ander groot eer haar te beurt geval. Sy is gekies om die Noord-Transvaalse Junior Atletiekspan by te staan op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in 1991. Haar taak is om hulle op die byeenkomste te organiseer, ondersteun en die atlete op te warm. Sy tree dus as hul voog op.

Dit is egter nie al nie. Haar grootste ideaal is om in die komende jaar weer Springbok te word, en boonop rig sy die Affie-atlete af. Hier wel — die Springbokkies van die toekoms!

Namens al die Affies sê ons net ons swel van die trots (nie van Chelsey broode nie ...!) en ons wens Juffrou alle voorspoed toe.



# O/15 Hokkie

**Wat 'n wonderlike seisoen het ons o/15-hokkiespan nie beleef nie! Onder leiding van mev Müller se bekwame afrigting en entoesiasme en mev Raath se bystand, kon dit nie anders as goed gaan nie. Laaslaas was daar soveel motivering en samewerking soos vanjaar onder ons o/15-hokkie spanlede.**

Die o/15 A-span het na 'n naelkou eindstryd teen Menlopark met 1-0 verloor en dus tweede in die liga geëindig. Die o/15 B-span het derde geëindig. Die o/15 C-span het ook hulle deel gedoen. Affies was een van die min skole met drie o/15-spanne.

Ons is ook trots op Riëtte Laas wat die Noord-Transvaalspan behaal het en Nelce van der Westhuizen wat ongelukkig net in die finaal uitgeval het.

Met soveel talent, entoesiasme en motivering, sien ons uit na die toekoms van Affie-hokkie.

**Erika Brand**

# *Hokkie-ete*

**Johanneke van der Merwe**

**Die 9e Augustus is daar 'n nuwe, opwindende tradisie by Affies begin — 'n hokkie-afskeidsete. Dit was dan ook 'n wonderlike manier om 'n uiters suksesvolle hokkieseisoen mee af te sluit. Elke span moes 'n tema voorstel en daar is baie verbeelding en inisiatief aan die dag gelê. Die Eerste Span was Arabiere, die Tweede Span het 'n kleuterpartytjie gehou en die standerd sesse was maanmannetjies. Nog vele ander karakters, onder andere ook seerowers, het kleur (en sommer ook baie lawaai) aan die geleentheid verleen.**




Daar is ook van die geleentheid gebruik gemaak om dankie sowel as geluk te sê: Dankie aan al die afrigsters, maar veral aan mev S van Straaten wat dwarsdeur die seisoen alle reëlings getref en krisisse hanteer het; geluk aan die spanne wat puik presteer het en veral ook aan Anneke Burger, wat as hokkiespeelster van die jaar aangewys is en aan Karin van Graan, wat die beste vordering deur die seisoen gemaak het. Daar is ook dankie gesê aan mej Venter wat deur die hele seisoen 'n kranige hokkie-ondersteuner was.

Die Eerste Span — Arabiere het die prys verower vir die span wat hulle span die beste voorgestel het. Dit is jammer dat daar nie 'n prys was vir die span wat die meeste lawaai gemaak het nie, anders sou die Vierde Span beslis skoonskip gemaak het. Hulle het darem ook eer gehad om al die banke en stoele aan die einde terug te dra.

Almal wat die hele tyd daar was (en ook dié wat 'n deel van die ete in die koshuis se ontspanningslokaal deurgebring het om die slotepisode van Die Binnekring te kyk), sê baie dankie vir 'n puik ete. Hopelik sal dit 'n tradisie word wat diep ingewortel sal raak in die Affiekultuur.

# Landlopers presteer

**Goeie prestasies is tydens die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deur twee van Affies se langafstankampioenskappe deur twee van Affies se langafstand-atlete gelewer. Hulle is Suzanne Cullen en Marie-Louise aan die SA's deelgeneem het.**



Suzanne, wat lid was van die Noord-Transvaalse o/15A-span, het 'n agtste plek behaal en Marie-Louise (o/15 B-span), 'n een-en-vyftigste plek.

Veelsydige deelname word deur beide atlete gelewer. Buiten vir landloop, neem Suzanne en Marie-Louise ook aan die 1 500 m en die 800 m deel.

Prestasies soos dié kom gewis nie vanself nie. Suzanne en Marie-Louise oefen dwarsdeur die jaar, elke week en bykans elke dag.

STROOM-OP wil dié twee kranige atlete van harte gelukwens met hul prestasies en alle sterkte toewens met hul atletiekloopbaan.

**Margarethé Jordaan**

# Meisieshoër Tennis 1990

**1990 was 'n besondere goeie jaar vir tennis. Ons o/15 1e, 2e, 3e en 4e spanne het amper onoorwonne uit die stryd getree. Die 1e en 2e san het hul ligas gewen deur skole soos Menlopark, Waterkloof en Wilgers kaf te draf.**

Die 3e span het 4 wedstryde gespeel waarvan hulle 2 gewen en 2 verloor het. Die 4e span het nou wel net een oorwinning behaal, maar as 'n mens insien dat hulle teen Erasmusrand en Eldoraigne se 1e spanne en teen Zwartkops en Verwoerdburg se 2e spanne gespeel het, dan is hul prestasie glad nie sleg nie. In die gemengde liga het hierdie 4 spanne al hul wedstryde gewen en met tellings van 58-23 en 62-19 van die baan gestap. Groot dinge word voorsien vir hierdie juniors van Affieland!

Met ons Bo/15's het dit amper net so goed gegaan. Ons 1e span het net teen Waterkloof die knie gebuig en dit was ook die laaste keer vir baie jare vorentoe. Ons 2e en 3e spanne het hulle ligas gewen en die 4e span het 2 wedstryde gewen en 2 verloor. In die gemengde liga tree ons 2e en 4e spanne dan ook as algehele wenners van die liga uit.

Twee van ons speelsters, Christine Liebenberg en Lelanie van Deventer (st 9), is ook gedurende die jaar tot die SA-Skolespan verkies.

Die 1e bo-15 span het ook 'n heerlike naweek op Ster-Kinekor se onkoste in die Holiday Inn deurgebring as deel van die toernooi wat deur laasgenoemde geborg is. Ongelukkig het ons in die eindstryd teen Sondowne High van Johannesburg verloor.

Met so 'n wonderlike en suksesvolle seisoen agter die rug, kan ons nie anders as om met vurige entoesiasme die volgende seisoen af te wag nie.

**Jolize van Schalkwyk**

# Sportman van die Kwartaal

**CHRISTOFFEL JOHANNES POTGIETER**

**Christo het op 24 April 1972 die eerste lewenslig in Pretoria aanskou. Hy begin sy laerskoolloopbaan by die Laerskool Simon Bekker.**

Reeds in standerd 5 verwerf Christo Noord-Transvaalkleure in atletiek. Hy blink egter nie net in atletiek uit nie, maar speel ook uitstekend rugby.

Christo speel in die o/14 A en o/15 A-rugbyspanne en van standerd agt af speel hy vir die eerste span — die Wit Bulle. In dié jaar val die eer hom te beurt om vir die Cravenweekspan gekies te word. Die besonderse prestasie herhaal hy in sy standerd nege en matriekjaar.

Christo, ook bekend as Pottie, speel dan reeds van standerd nege af vir hom 'n plek oop in die Transvaalbonde en die Suid-Afrikaanse Skolespan. As gevolg van 'n kniebesering kon hy egter nie in matriek vir die Transvaalbonde span speel nie. Hy word egter gekies vir 'n Suid-Afrikaanse 15-tal. Christo word dan ook tereg bekroon as die Rugbyspeler van die Jaar en die Sportman van die Jaar.

Die kranige sportman se atletiekprestasies in verspring, die 100m, 200m en 400m asook vyfkamp — laat hom ook hier Noord-Transvaalkleure verwerf. Op die Suid-Afrikaanse Junior byeenkoms behaal hy 'n eerste plek in die vyfkamp en word dan ook vir die SA Skole Atletiekspan gekies.

Op die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe word Christo met 'n goue medalje bekroon om só sy volgehoue prestasie, deursettingsvermoë en talente verder te beloon.

Afgesien van Christo se puik prestasies, toon hy ook leierseienskappe deur telkens as kaptein of onderkaptein verkies te word. Hy was kaptein van AHS se eerste rugbyspan en onderkaptein van die Noord-Transvaalse rugbyspan. Christo was ook 'n prefek.

Nie net op die rugbyveld en atletiekbaan is van die sportman kennis geneem nie, maar ook op die krieketveld. Hy was dan ook lid van die skool se eerste krieketspan wat dan ook as Noord-Transvaalliga wenners uit die stryd getree het. Dié span het die gesogte Direkteurstrofee ook gewen.



# Rugby 1990

**John-Louis Pretorius**

**Affies is met reg trots op die puik rugbyprestasies gedurende 1990, waar 13 spanne hul onderskeie ligas gewen het. Die o/15 A-span het die Noord-Transvaalstreekskompetisie gewen en was baie ongelukkig om in die kwarteind van die Direkteurstrofee uit te val.**

Christo Potgieter, met sy talle asemrowende vertonings, is dan ook met reg die Rugbyspeler van die Jaar.

Elke afrigter verdien lof en dank vir toegewyde afrigting en opoffering. Mnr Marius Voges, rugbyorganiseerder, word dan ook deur die Noord-Transvaal Skole Rugby-unie uitgesonder en bekroon as die beste Noord-Transvaal Hoërskole Juniorspan afrigter.

Ligawenners: tweede, derde, vierde, vyfde en sesde span: o/14A, o/14C, o/14D, o/15A, o/15D en o/16B (deel met FH Odendaal), o/15B (deel met Waterkloof), en o/13B (deel trofee met FH Odendaal).

Affies is trots op al sy rugbyspelers en hoop dat dit in 1991 nog beter sal gaan.

# Krieket

(Vervolg vanaf bl 1)

'n Vennootskap om die sewende paaltjie tussen Eswee Prinsloo en Hannes Lessing was uitstekend. Lessing behaal 106 en Prinsloo 37 nie uit nie. Overkruin kolf tweede en behaal 198. AHS wen met 48 lopies en so ook die N-Tvl-liga.

Die Direkteurstrofee was volgende op die spyskaart. AHS begin deur vir Bergsig te wen met 8 paaltjies. In die kwarteind wen Affies vir Driehoek. Affies kolf eerste en behaal 204 vir 8. Driehoek kolf tweede en behaal 192 en so wen AHS met 12 lopies. In die halfeindstryd wen Affies Roodepoort met 18 lopies.

Die groot dag van die finaal teen Randburg lê toe Saterdag, 20 Oktober, voor.

Randburg kolf eerste en behaal 'n goeie telling van 197 lopies vir 9 in 55 beurte. Affies se beste boulers was Hannes Lessing, 3 vir 63 en Charl Shires 4 vir 56. AHS kolf tweede en wen met 8 paaltjies plat. 'n Uitstekende kolwer was Nico Kruger wat 70 lopies aangeteken het in 49 beurte. Hy het 'n volle 203 minute sy man gestaan. Nog 'n uitblinker met die kolf, was Phillip Roesch met 60 lopies.

Die spanning het egter begin opbou in die finale oomblik van die wedstryd toe Affies se laaste twee kolwers in die veld gestuur is, naamlik JP du Plooy en Riaan Pretorius. JP was 13 nie uit nie toe Riaan met groot verligting die skaal in Affies se guns laat draai het met 'n mooi vier. AHS behaal 201 lopies en wen met 2 paaltjies.

Uit alle Affie-geledere word daar baie geluk gesê aan hierdie span met hul puik prestasie! Vir die eerste keer in die geskiedenis wen 'n Pretoriaspan die Direkteurstrofee vir krieket.

**A Venter**

# SKAAK

**Kastele vol oorwinnings!**

"Onder die bekwame leiding van mev S Pieterse en Mej L Geere het ons skool se skaak lewe gekry hierdie jaar. Baie meer belangstelling is getoon en 'n behoorlike span kon saamgestel word," sê Sonika Mentz, ons skool se nommer een skaakspeler.

Die skaakspan, met Adri van den Heever as skaakkapteine, het met skole soos Wagpos, Voortrekkerhoogte, Overkruin en Langenhoven meegeding en het vyfde in hul liga geëindig.

Sonika Mentz is ook aangewys as die vroue kampioen in die land.

1991 hou vir AHMP-skaakspan kastele vol oorwinnende koninginne in!

**Marika Botha**

# Nissan-Affie: Muurbal-kampioenskappe 1990

**Die belangstelling, aansien en kwaliteit van muurbal is die jaar aansienlik uitgebou en verbeter met die Nissan-Affie Muurbalkampioenskappe wat op 10, 17 en 23 Augustus plaasgevind het by die Pretoria Muurbalklub. Ongeveer 30 seuns het ingeskryf vir die o/14, o/16 en o/19 ouderdomsgroepe.**


Danksy die mildelike borgskap van Nissan, was dit nie sommer net 'n gewone kampioenskap nie. Die afsluiting het plaasgevind tydens 'n gesellige braai by die skool se Lapa waar groot aantreklike kontantpryse deur Nissan aan die wenners, naaswenners en plaatwenners in elke ouderdomsgroep oorhandig is. Verskeie ouers en personeel het die geleentheid bygewoon.

Muurbal is een van die vinnigste groeiende sportsoorte onder Afrikaanssprekendes en die hoop is dat Affies dieselfde sal ondervind na die suksesvolle Nissan-Affie Muurbalkampioenskap van die jaar.

Die wenners was:

**o/19 1e plek:** Pierre Kriel
**o/19 2e plek:** Japie Kroon
**o/16 1e plek:** Japie Kroon
**o/16 2e plek:** Morne Muller
**o/14 1e plek:** Grant Esterhuysen
**o/14 2e plek:** Henk van den Berg.

Nissan met hulle borgskap het dit moontlik gemaak om van die Nissan-Affie Muurbalkampioenskap tydens Affies se 70-jarige fees 'n prestige geleentheid te maak!





# Affies spog met twee Springbokke

**Corli Schumann**


MARNA VENTER het saam met Affies se feesvieringe haar eie fees gevier toe sy haar Springbokkleure vir gimnastiek verwerf het. Sy doen al van standerd 2 af tuimel en is tans 14 jaar oud.

Sy het al in 1987 die eerste plek by die SA kampioenskappe behaal en het in 1988 reeds haar Springbokkleure verwerf. Vanjaar het sy die 2de plek behaal op die SA kampioenskappe en is sy as senior Springbok gekies.



NATASHA CROUS, een van ons skool se kleinstes, het gedurende hierdie jaar groot hoogtepunte bereik in haar karate-loopbaan. Sy het Noord-Transvaal- en Springbokkleure verwerf op 13-jarige ouderdom. Sy is een van vier susters en sy sê sy hou van karate, want dit hou haar fiks en dit is 'n uitdagende sport.

Sy het reeds in 1988 Junior Springbokkleure verwerf. Sy behaal meestal eerste plekke op kompetisies en is beslis 'n dametjie om met respek te behandel.



# Sportvrou van die Kwartaal

**Anneke Burger**



Doelwagter aan Affies se eerste hokkiespan.

**Aan watter sportsoorte neem jy deel?**

Ek speel hokkie en tennis en ek is mal oor swem, maar hokkie is eintlik my gebied. Dit bied vir my 'n uitdaging en dis wat vir my belangrik is.

**Het jy provinsiale kleure verwerf?**

Ek het deurgedring na Noord-Transvaal se finale keuring. Ek het ook die Rona Roelofse-skild vir die hokkiespeelster van die jaar gekry.

**Wat dien vir jou as aansporing om te oefen en aan te hou?**

Eerstens doen ek dit nie vir myself nie, maar vir my Skepper. Ek probeer ook om altyd die versie te onthou: "To think only of the best, to work only for the best, to accept only the best."

**Beplan jy om na skool voort te gaan met hokkie?**

Ja, want ek geniet dit. Ek leer ander mense ken, maar ek leer ook veral myself ken en dis waaroor sport eintlik gaan, dink ek. Om te leer om ander te verstaan en met hulle klaar te kom.

**Wat gaan jy volgende jaar studeer?**

Ek beplan om in die rigting BA(Ed) Skoolvoorligting te gaan en om op die ou end 'n opvoedkundige sielkundige te word.

**Watter raad het jy vir ander hokkispeelsters?**

'n Mens moet net onthou dat jy alles moet doen vir jou God. En jy moet onthou: "Success is failure turned inside out".

**Wat dink jy van Affies se hokkie?**

Soms kos dit waagmoed, geduld en volharding om net nog vyf minute langer vas te byt, maar dit help om te onthou dat vele wenspanne hulle wenpunte al in die laaste vyf minute aangeteken het. 'n Mens moet altyd hoë mikpunte stel en nooit tevrede wees nie. Glo in jouself en wees grootmoedig na elke nederlaag, en nederig na elke oorwinning, dán eers ken jy die ware genot van deelname.

**— Ulla Botha, st 9A**

Typographically prepared by Wentzel Coetzer Printers, Tel 3232787, and printed by the Pretoria News (Pty) Ltd, 216 Vermeulen Street, Pretoria, Tel 3255382.